

## Graad 10 – Taalwerk memorandum – (Vreemde soen-feite)

1. Vervang die woord **vreemde** in die opskrif eers met 'n gepaste sinoniem en dan met 'n gepaste antoniem. (2)  
**sinoniem: eienaardige ✓**  
**antoniem: algemene / bekende / normale ✓**
2. Skryf die getal 58 oor in woorde. (1)  
**ag(t)-en-vyftig / ag(t) en vyftig los of met koppeltekens ✓**
3. Skryf die selfstandige naamwoord neer waarvan **Italiaanse** (feit 2) afgelei is. (1)  
**Italië – let op hoofletter en deelteken. ✓**
4. Skryf 'n rede neer vir die gebruik van die afkappingsteken in blok 2. (1)  
**Meervoudsvorm van 'n syfer/getal ✓**
5. Kies die korrekte spelvorm vir die meervoudsvorm van die woord in hakies in feit 3: sjimpanseë / sjimnaseës / sjimpansees / sjimpansee's (1)  
**sjimpansees**
6. Vergelyk die woorde **mense**, **diere** en **tonge** se lettergreepverdeling met die aantal morfeme wat in elkeen voorkom. Skryf dan jou opmerking in 'n goeie volsin neer. (2)  
**Al 3 woorde word verdeel in 2 lettergrepe ✓ en bevat ook 2 morfeme – 'n stam en 'n agtervoegsel ✓**
7. Skryf die meervoudsvorm van **bakterie** (feit 4) neer. (1)  
**bakterieë ✓**
8. Skryf die koorekte vorm van die woord in hakies in feit 5 neer. (1)  
**GEMIDDELE ✓**
9. Skryf enige woord uit feit 5 neer waarvoor jy 'n homoniem ken en maak 'n sin om die betekenis van die homoniem duidelik te maak. (1)  
**Sy – die wat deur 'n wurm gespin word / die kant van die houer/op jou sy slaap ✓**  
**OF haar – daai wat op jou kop groei ✓**
10. Korrigeer die taalfout wat by feit 6 begaan is. Skryf die sin oor en onderstreep die korreksie wat jy aangebring het. (1)  
**meer sensitief – sensitiewer ✓**
11. In feit 7 kom woorde voor wat antonieme van mekaar is. Skryf die twee woorde neer. (1)  
**vermeerder & verminder ✓**
12. Die woord **dit** in feit 7 is beklemtoon.
  - 12.1 Hoe weet jy dit? (1)  
**die akuut dui die klem aan ✓**
  - 12.2 Waarna verwys die woord **dit** in hierdie feit? (1)

**na jou speeksel ✓**

- 13.1 Die woord **skoon** in feit 8 kan verskillende intensiewe vorme hê: silwerskoon en beeldskoon. Watter een dink jy pas die beste in feit 8? (1)  
**silwerskoon ✓**
- 13.2 Maak 'n sin om die betekenis van die intensiewe vorm wat nie by skoon tande pas nie te verduidelik. (1)  
**Beeldskoon wat beteken baie mooi bv. Mona Lisa was vir Leonardo beeldskoon ✓**
14. Verdeel **wetenskaplik** (feit 8) in lettergrepe en dui aan of elke lettergreep oop og geslote is. (2)  
**we ten skap lik ✓ we is oop en al die ander geslote ✓**
15. Waarom is dit belangrik om binne die konteks van feit 8 seker te maak jy oorrond nie die woord **meisie** wanneer jy die woord uitspreek nie. (1)  
**Anders word dit muisie met 'n heel ander betekenis ✓**
16. Watter klankverskynsel kom voor indien **gebruik** by feit 9 as **gebreik** uitgespreek word (1)  
**ontronding ✓**
17. Watter voegwoord sou na jou mening die beste pas in die sin wat by feit 10 voorkom. (1)  
**omdat / terwyl kan ook pas ✓**
18. Voor- en agtervoegsels vervul verskillende funksies in hierdie teks. Soek voorbeelde van die volgende:
- 18.1 die voegsel dui die oortreffende trap aan. (1)  
**langste**
- 18.2 die voegsel vorm die verkleiningsvorm. (1)  
**paartjie**

19. Vir die stam **soen** lees ons die paroniem **gesoen** in die teks. Maak 'n sin van jou eie om te toon jy weet wat paronieme is. (Jy hoef nie te verduidelik wat paronieme is nie!) (1)  
**VERSOEN – na die rusie is hulle nou weer versoen ✓**  
**Let ook op ander aanvaarbare paronieme**
20. Skryf die volvorm van die afkorting **www** wat onderaan die teks gebruik word, neer. **wêreldswye web ✓** (1)
21. Skryf twee woorde uit die teks neer waarin koppeltekens om dieselfde rede gebruik word. Watter rede kan jy aanvoer vir die gebruik van die koppeltekens? (1)  
**By sjimpansee en bakterie-stringe word dit gebruik om aan te toon dat die woord in die volgende reël aangaan. ✓**
22. Die volgende idiome bevat die woord **soen**. Soek die betekenis wat by elke idioom pas uit die blok:
- 22.1 Hy soen die mannetjie met die kurkhoed. (1)  
**Hy drink sterk drank. ✓**
- 22.2 Elke man soen sy vrou op sy manier. (1)  
**Elke mens het sy eie manier van doen. ✓**
- 22.3 Hy soen Langnekkaatjie. (1)  
**Hy drink sterk drank. ✓**

Elke mens het sy eie manier van doen. // Hy drink sterk drank. //  
Gesê as 'n man se vrou langer as hy.